Ges. 14: 1, 5 — God as Vader en Skepper. Sg. [AKP] 13 Nov. 60.
" 16: 1, 10, 11. — Ps. 33.
" 23: 4, 5
(W Ges. 78)

Ps. 33:6 – Deur die Woord v.d. Here is d. hemele gemaak.

Ons staan v/aand by die eerste sin v.d. A.G.B.: „Ek glo in God die Vader, die Almagtige, Skepper van die hemel en die aarde": staan in verbystering, buig in aanbidding voor wat ek in die een sin bely! Wat sluit dit nie alles in nie! Hoe pragtig en volledig klink die antwd in Sg (v. 26): „Dat die ewige Vader van onse Here Jesus Christus ..."

Hierdie antwd is soms in die verkeerde gebruik om ellelange preke te hou oor die Skepping (6 dae of 6 tydperke), oor die wonders van God in die natuur – lang teorieë of wetenskaplike uiteensettinge van of ons nou die wetenskap se ontdekkinge kan rym met die uitsprake v.d. Bybel al dan nie.

Dat hd. sake ook indirek hierin betrek word, is waar, maar dis nie die hoofsaak waarom dit hier gaan nie. Die hoofsaak is die hoofsin: dat die ewige Vader van onse Here J.X. my Vader is – & dan volg die belydenis oor sy Skepping en sy Versorging!

I Die Vaderskap van God.

Die pragtige aanhef v.d. antwd. in v. 26 is nie bedoel om klompie mooi sinne te wees nie, maar dit soek om een v.d. grootste waarhede te vertel: wat presies verstaan ons onder die Vaderskap van God?

1) Die Vaderskap van God is deel van sy Wese: God het nie Vader geword nie – Hy is dit ewiglik. God het nie Vader geword toe Hy d. mens geskep het nie: ~~die~~ sy Vaderskap is deel van sy Godheid – dit pas by Hom soos lig by d. son!

Daarom moet ons nie redeneer en sê: ons het op aarde gesien wat 'n aardse vader beteken – en nou glo ons God is ook so 'n vader. Nee: dis juis andersom!

2). Ons moet Gods Vaderskap nie gaan afmeet by die seëninge en genietinge wat ons uit sy hand ontvang & dan so redeneer: as God my goedheid en gunsbewys, geluk en seën, is Hy 'n ware Vader. Maar as Hy my laat swaarkry en ly, is Hy geen ware Vader nie!

Nee: ons moet verstaan dat God is eerstens Vader van Jesus Christus, sy Seun – en as Vader tree Hy altyd op ten gunste van sy Seun. En as dd. optrede meebring dat ek terwille van die glorie van Christus en die eer van sy Naam moet ly en swaarkry, dan moet ek dankbaar en bly wees daaroor! Daarom mag ons niks begeer of bid wat strydig is m.d. belange van Christus en sy ryk: God sal my dit ook nie gee nie!

3) God is Vader terwille van Christus sy Seun d.w.s. God is nie die Vader van alle mense nie, maar alleen van hulle wat Christus erken en eer as Seun & God en Saligmaker! En die nie dié mense wat Christus nie so aanneem nie. is God nie Vader nie, maar Regter!

Watter geweldige woord: Verlofbrief na groothandelsfirma: nie dit het kan d. hele plek se voorraad koop, maar nie dit nie het nie, ~~God~~ Dieselfde Vaderliefde is dit geskiet! Dus: ~~God~~ Dieselfde Vaderliefde & Vadersorg wat God vir sy Eengebore, sy geliefde Seun, gehad het, dra Hy oor op my! Hy behandel my asof ek sy geliefde Seun is: Ek deel in al d. kindsregte & voorregte: Xtus se V – my V; sy Wh – my huis.

– Net een ding is anders: Xtus se kruis nie my kruis (vir Hom tot vloek – my ~~tot~~ seën))

## II Die Skeppingswerk van God:

Ons het nou prakties sê wie my Vader is: nou byvoeg hoe sterk en magtig & groot my Vader is!

– As seuns gespog een teen d. ander hoe wonderlik my vader is. Heelwat oordrywing – grootpraat. Maar vir God as Vader bestaan nie die geval nie: God kan alles doen – Hy is tot alles instaat „wat hemel en aarde, met alles wat daarin is, uit niks geskape het". Nee nie tot alles nie: God kan een ding nie doen nie: God kan nie sondig nie! Dus: God kan doen alles wat Hy wil!

Adak: staan verbysterd voor sy grootheid en sy almag – die heelal in aansyn geroep deur sy magswoord: Sonnestelsels, d. wêreld van lig en sterre, die wonder v.d. aarde en sy ryke lewe, die groot oseaan & d. glinsterende dou druppel, die geweldige magte ....

Adak: juis omdat Hy in sy almag al d. grootse dinge geskep het, daarom moet ons daar die geloof dat dieselfde God ook d. kleinste en swakste wese skep & onderhou & oor hulle beskik

„Of nie ek s. vertrou dat ek nie twyfel nie"

## III Die Versorgingsplan van God:

1) **Alles wat nodig is:** Ons mag nooit minder verwag as wat God belowe het, maar beslis ook nie **meer** nie! **NODIG IS** : en as ek meer vra, of verwag dan vra ek tevergeefs, dan sondig ek!